Communicare, 1981:2 (2), 48 - 59

# Die rol van interkulturele kommunikasie in nasionale ontwikkeling

*Ben Piek*

Direkteur
Instituut vir Ontwikkelingstudies
Randse Afrikaanse Universiteit

## Inleiding

Die onderwerp wat rondom die probleem van interkulturele kommunikasie hier bespreek word, is dié van nasionale ontwikkeling binne Suid-Afrika. Simplisties gestel, kan sodanige doelstelling gedefinieer word as die optimale ontginning van alle bronne in die land en ook nasionale state. Die veronderstelling is dat by die nastrewing van hierdie doel kulturele verskille na vore tree wat die bereiking van die doelstellings binne 'n betekenisvolle tydsgewrig kan benadeel of elimineer. Waarop ek hier wil ingaan, is of hierdie doelwitte ten opsigte van nasionale ontwikkeling werklik as nasionale doelwitte geld — en so ervaar word; en indien nie, wat die probleme is wat daarby betrokke raak en watter persone en instansies hiermee die nouste gemoeid is. Ten slotte hoop ek om sekere riglyne uit te spel waarvolgens verbeterde skakeling oor kulturele grense heen kan geskied ten einde die doelwitte wat nagestreef word ten opsigte van nasionale ontwikkeling in Suid-Afrika, te probeer realiseer.

Ten aanvang die volgende gedagte: dat baie dikwels dit aangetref word dat persone en instansies wat gemoeid is met die beplanning van nasionale ontwikkeling (op welke vlak ook al) baie selde dieselfde persone is wat aan die ontvangskant van sodanige ontwikkeling staan. Meesal is hulle ook nie die uitvoerders van die beoogde ontwikkeling nie. Ons vind die situasie in Suid-Afrika dat verskeie prioriteite ten opsigte van nasionale ontwikkeling en navorsing om ontwikkeling in hierdie verband te bevorder, en ook die daarstel van strategieë, dikwels nie in lyn is met die ontwikkelingseise van Suid-Afrika en al sy mense in hierdie verband nie. Kortom, ons kan nie daarby verbykom dat dit wel so is dat die kundigheid vir vooruitbeplanning meesal by een of twee kultuurgroepe aanwesig is nie, terwyl die intense aard van ontwikkelingsprobleme meesal weer by ander kultuurgroepe aangetref word nie. Die dissonansie wat hieruit spreek, het implikasies vir sowel beplanners (wie hulle dan ook al is) as ontvangers aan die anderkant — op sowel die kort-, medium- en langtermyn.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

## Probleme by nasionale ontwikkelingsbeplanning

### *Omskrywing van nasionale ontwikkelingsdoelstellings*

Een van die ernstigste probleme wat hulle voordoen by die daarstelling van nasionale ontwikkeling in 'n land, is dat verskillende doelstellings vanuit verskillende kulturele oogpunte na vore kan kom wat moet figureer in so 'n nasionale ontwikkelingsplan. In dié mate wat sodanige doelstellings van 'n redelike oorkoepelende aard is, word probleme in 'n mindere mate ondervind. Doelstellings soos die volgende word byvoorbeeld vry algemeen as aanvaarbaar geoordeel wat die nasionale oogmerke van 'n land en sy toekoms behoort te wees: 'n stabiele bevolking, ekonomiese voorspoed en welvaart vir al die inwoners, voldoende werkgeleenthede, sosiaal-gunstige lewensomstandighede, voorsiening van basiese behoeftes soos water, behuising, onderwys, ens.; wedersydse respek en erkenning van almal, die plek van die bejaarde in die samelewing, ens.

Dit lei geen twyfel dat alle kultuurgroepe wat in Suid-Afrika aangetref word, hierdie beginsels sonder meer sal aanvaar nie. Wie hierdie doelstellings ook al artikuleer, is hier nie soseer van belang nie. Dit is egter wanneer die komponente van hierdie doelstellings en die doelstellings onderling teenoor mekaar opgeweeg word en meer spesifieke fokus en voorkeur as sommige uitgangspunte gegee word dat probleme ontstaan. Dit kan probleme wees wat eerstens voortspruit uit verskillende konnotasies wat aan die doelstellings geheg word en tweedens, as gevolg van verskillende prioriteite waarvolgens hierdie doelstellings geoordeel word. Dit is dan ook verder so dat dikwels seksionele belange verteenwoordig word wat afsonderlik sekere van die doelstellings hul eie wil maak en bevorder. Ons kan dit nie wegredeneer dat hierdie doelstellings eventueel binne die politieke arena betrek word nie, aangesien elkeen op sy eie sekere politieke kort- en langtermyndimensies het. In dié mate wat uitvoering èventueel aan hierdie doelstellings gegee moet word, het hulle ook belangrike implikasies vir die bedinging om fondse.

Hoewel daar dus op die breër vlak oor sekere oorkoepelende doelstellings met betrekking tot nasionale ontwikkeling ooreenstemming in 'n kultureel diverse land aangetref word, is daar tog potensieel baie geleentheid vir onderlinge konflik, misverstand en wantroue. Die *vlak* waarop hierdie nasionale doelstellings oorweeg word, verskil ook nog byvoorbeeld 'n nasionale vlak, 'n plaaslike vlak of op 'n vlak waar ekonomiese sektore onderling tussen mekaar opgeweeg word. Daar moet verder toegesien word dat daar 'n behoorlike geleding tussen hierdie vlakke is — nie net wat bepaalde kultuurgroepe betref nie, maar alle kultuurgroepe.

Dit spreek vanself dat, waar kultuurgroepe hulleself in 'n relatief ongunstige ekonomiese en sosiale posisie bevind, deur hulle meer klem



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

gelê sal word op die belangrikheid van ontwikkelingsbeginsels soos die voorsiening van voldoende werkgeleenthede, die daarstelling van basiese geriewe, naamlik behuising, onderwys en gesondheid. Diegene wat as kultuurgroep meen dat hulle nie polities hulle regmatige aandeel in die landsregering het nie, sal politieke ontwikkeling verhef tot die vernaamste prioriteit by nasionale ontwikkeling. In teendeel, by baie van die leiers van hierdie kulturele groepe word nasionale ontwikkeling dikwels gelykgestel met politieke ontwikkeling. Ons kan dus sien dat die klem telkens verskuif wanneer ons kyk na nasionale doelstellings, afhangende vanuit welke kulturele oogpunt ons dit beskou.

Dit moet ook nie vergeet word nie dat binne een kulturele groepering dit dikwels voorkom dat gemeenskaplike opvattings oor nasionale ontwikkeling nie sonder meer gedeel word nie. Dit hang onder meer af van die relatiewe bedingingsposisies van die verskillende groepe binne daardie geledere. In Suid-Afrika het daar wat baie noem 'n beginsel van gee en neem tot stand gekom. Die tyd is meer as ryp dat hierdie beginsel (sou dit 'n beginsel wees) of die praktyk vervang word en dat in nasionale verband die beginsel van samewerking in al sy geledinge uitvoering geniet. Om egter nasionale ontwikkelingsdoelstellings aanvaar te kry by alle kultuurgroepe, beteken egter dat daar sekere gedeelde of gemeenskaplike lojaliteite aanwesig moet wees — bo-oor kulturele grense heen, byvoorbeeld die uitgangspunt *Suid-Afrika eerste.* Indien hierdie gedeelde waardes nie bestaan en 'n onderlinge posisie van vertroue en begrip nie aanwesig is nie, voorsien ek dit kwalik dat die ideaal van die gemeenskaplike aanvaarding van primêre uitgangspunte met betrekking tot ons nasionale ontwikkeling in Suid-Afrika, sonder meer maklik tot stand sal kom.

## Wie is verantwoordelik vir nasionale ontwikkeling?

Dit bring ons by die volgende vraag, naamlik *wie is verantwoordelik vir nasionale ontwikkeling?* In hierdie verband wil ek sekere kategorieë aandui van persone en instansies wat hierby betrokke is:

- ontleders van tendense (navorsers)
- beplanners (wat kan saamval met bogenoemde)
- omskeppers van navorsing en beplanning in *beleid*
- uitvoerders van beleid
- ontvangers van beleid en nasionale ontwikkeling (die publiek)

Die twee probleme wat hulle in hierdie verband sentraal voordoen, is eerstens dié van geleding en tweedens dié van afwesigheid van voldoende begrip.

Die daarstelling van 'n beleid vir nasionale ontwikkeling het 'n baie lang lyn wat op verskillende punte kan begin. Ek gaan die hele lyn aan u kortliks noem ten einde te wys op die tydsverloop, maar ook skakelings-



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

problematiek verbonde aan die lyn van ontwikkeling van nasionale ontwikkelingsbeplanning.

Ons kry in die eerste instansie dié groep wat daarvoor verantwoordelik is om probleme vas te stel, die omvang en intensiteit daarvan te bepaal by verskillende groepe waar hierdie probleme hul voordoen en met sekere gevolgtrekkings na vore kom. Dit kan professionele navorsers wees òf aan die anderkant persone wat vanuit 'n beleidsoogpunt sekere ad hoc-ondersoeke laat doen. In baie gevalle tref ons hier die situasie aan dat die persoon wat die opdrag gee om navorsing te doen sodat beleid uiteindelik daarop gegrond kan wees, nie voldoende met die plaaslike kulturele omstandighede op die hoogte van sake is om behoorlike leiding en fokus in die opdrag in te bou nie. Die navorser aan die anderkant is op sy beurt nie op die hoogte van die beleidskwessies en opsies ter sprake nie, sodat hy hom baie gevalle in mikro-aangeleenthede laat verval wat eventueel weining beleidsmakende potensiaal inhou.

Die omskakeling van hierdie navorsingsgegewens of probleem-gedefinieerde aktiwiteite binne 'n beplanningsopset, kan wel binne die opdrag van die navorsers val. In baie gevalle in Suid-Afrika tref ons dit egter aan dat beplanning, hetsy vanuit 'n fisiese oogpunt, hetsy sosiaal-ekonomiese beplanning in sy breër opset, hetsy beplanning wat bepaalde spesifieke projekte aangaan, dikwels geskied op grond van die gegewens wat deur navorsers ingesamel is en in welke geval daar weinig samespraak tussen die twee groepe geskied. Beweeg ons 'n stap verder en kyk na wanneer sodanige beplanningsbeginsels omgeskakel word na amptelike beleid, is dit die fase waarin politiek en finansies baie sterk ter sprake kom. Dit is so dat in baie gevalle die beleidsmakende persone nie dieselfde span mense is wat òf die navorsing òf die beplanning gedoen het nie. Hier doen 'n ernstige probleem van 'n *geleding* hom voor, naamlik dat, gewoonlik in die geval van die navorser, die werklike eerstehandse kennis oor die besondere kulturele eienskappe en omstandighede van 'n bepaalde groep ingewin word, maar dat hierdie agtergrondgegewens selde verder geneem word binne die beplannings- en binne die beleidsfase, sodat tot beleids-stappe en beginsels besluit kan word wat nie in lyn is of voldoende begrip toon vir die besondere kulturele kenmerke van die groep ter sprake nie. Trouens, ek wil beweer dat daar in Suid-Afrika baie beleid tot stand gekom het waarin weinig sensitiwiteit of erkenning verleen is aan die besondere kulturele omstandighede en uitgangspunte van sekere groepe. Ek dink ook verder dat baie beleidsbepalings daargestel is sonder om behoorlike skakeling met die persone wat die basiese navorsing en beplanningsaktiwiteite deurgemaak het, te bewerkstellig — sodat beleid dikwels in 'n redelike vakuum geformuleer word.

Kom ons by die toepassers of uitvoerders van beleid, kry ons in die eerste plek persone wat die doelstellings waartoe besluit is, aan die breër publiek moet bekend stel, naamlik politici, gemeenskapsleiers en



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

vandag in 'n steeds groter mate die private sektor wat toepassers van die beleid word. Dit is wel so dat die private sektor sy eie beleid ten opsigte van sy eie kundigheid en die gebied waarop hy hom begeef, formuleer. Die ontwikkeling in alle ontwikkelde en ontwikkelende lande het egter getoon dat daar 'n noue inspraak wedersyds tussen private sektor en die owerhede belangrik is, en ons sien op die oomblik dat hierdie tendens gedy in Suid-Afrika.

Vir die beleidmaker kom daar nog nuwe dimensies na vore en dit is dat hy die laaste groep, die ontvangers (die publiek) wel deeglik in gedagte moet hou wanneer hy hierdie doelstellings as't ware „verkoop". Dit kan kwalik verwag word dat 'n politieke leier sy politieke loopbaan in die gevaar gaan stel om 'n beleid te verkoop wat by die publiek nie aanvaarbaar sal wees nie. En dit kan maklik gebeur indien in hierdie beleid nie verreken is die besondere behoeftes en aspirasies van dié kulturele groepe waaroor die beleid gaan nie. Dit sou veel minder die geval wees indien die politieke leiers en gemeenskapsleiers wat in hierdie groepe aangetref word, nie net geken word by die laaste fase van beleidsbepaling nie, maar geken word by elke fase in die lyn van ontwikkeling van nasionale beleid. Ek dink dit is op hierdie punt dat sake dikwels skeefgeloop het en dat die vordering in Suid-Afrika nie na wense was nie en dat onvoldoende begrip aangetref word vir uitgangspunte wat ons as van nasionale belang vir Suid-Afrika se ontwikkeling beskou.

Die vraag kan wel gevra word in welke mate interkulturele kommunikasie prominent figureer by alle fases van beleidsontwikkeling oor nasionale aangeleenthede. Ek dink dat die vinger nie slegs behoort gewys te word na beleidmakende instansies nie, maar dat hierdie oorsig dikwels ook sy kop uitsteek by beplanning en dat selfs navorsers nog dikwels geneig is om navorsing te doen en probleme en tendense te oordeel vanuit hulle besondere agtergrond en kulturele milieu in plaas daarvan om dit deur die oë van die groep wat ter sprake is, te sien.

'n Verdere probleem wat hom voordoen wanneer 'n mens die vraag vra wie is verantwoordelik vir die beplanning van nasionale ontwikkeling, is dat ons dit moet erken dat by sekere kulturele groepe daar eenvoudig nie voldoende geskoolde vakmanne is om òf as navorsers òf as beplanners òf beleidmakers op te tree nie. Dit bring 'n mens onmiddellik by die kwessie van opleiding vir beplanning en vir beleidmaking — iets waaroor ek later meer sal sê. 'n Laaste probleem wat hom voordoen by die verantwoordlikheid ten opsigte van nasionale ontwikkeling, is dié van die uitvoerende amptenare wat uiteindelik hierdie beleid waartoe politici en deskundige adviseurs besluit het, moet uitvoer. Dit kan ook hier gestel word dat sodanige uitvoerende amptenare ook ontvangers van beleid is (soos die publiek). Ook in hierdie geval is dit te betwyfel of amptenare altyd vollediglik betrek word in die hele proses van beleidmaking langs die lyn af, soos ek dit uiteengesit het. Derhalwe is dit nie verbasend dat in baie gevalle met persone te make gekry word wat in



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

hierdie opsig nie gemotiveerd is om nuwe beleid uit te voer nie, en ook nie geskoold en genoegsaam ingelig is om hierdie beleid en veral beleidsveranderinge doelmatig te kan uitvoer nie.

## Huidige stand in Suid-Afrika

Die posisie in Suid-Afrika betreffende nasionale oogmerke ten opsigte van ontwikkeling is gedurende die afgelope dekade duidelik of minder duidelik uitgespel. Die doelstellings wat betref ekonomiese beleid en desentralisasie en ook byvoorbeeld die ontginning van ons fisiese potensiaal, sonder dat dit ons reserwes in gevaar stel òf die noodsaaklikheid van die volle ontplooiing van Suid-Afrika se menslike potensiaal is, om maar enkeles te noem, aspekte waaroor daar geen onduidelikheid bestaan nie.

Die vraag wat hom in hierdie verband voordoen, is of nasionale doelwitte met betrekking tot ontwikkeling noodwendig gedeelde oogmerke — deur alle kulturele groepe dus aanvaar — moet wees? In die mate wat ons in Suid-Afrika die situasie aantref dat 'n verskeidendheid van kulturele groepe naas mekaar bestaan, sou dit dwaas wees om nie voorsiening te maak vir diversiteit van belange en beleidsoogmerke nie. Wanneer die vraag egter gevra word ten opsigte van nasionale doelstellings, dan is dit na my wete belangrik dat sodanige doelstellings oor kulturele grense heen aanvaar moet word. Dit is nie noodwendig dat kulturele diversiteit daarmee 'n nasionale afsonderlikheid impliseer nie. Dit is ook nie noodwendig so dat kulturele diversiteit by implikasie 'n ander wyse van skakeling nodig het nie. In hierdie verband moet verder onthou word dat selfs kulturele groepe onderling nie volkome homogeen is nie en dat verskillende differensiale hul voordoen, soos byvoorbeeld 'n landelik — stedelike differensiaal, sosio-ekonomiese verskille, beroepsverskille en so meer. Die plaaslike aangeleentheid moet egter duidelik van dié van die nasionale onderskei word en vir die aanvaarding en eventueel realistiese uitvoering van nasionale ontwikkeling, is dit myns insiens nodig om die volle begrip en steun van die totale bevolking wat binne Suid-Afrika se grense val, te hê.

In hierdie verband is daar natuurlik veranderde omstandighede wat die hele beleidmakingsproses telkens omvergooi. Indien ons let op die verskuiwings van Suid-Afrika se grense in dié mate wat nasionale state onafhanklike state word, moet in gedagte gehou word dat die hele pad van beleidmaking en argumentasie daaromheen in baie gevalle weer oorgedoen moet word, wat verwarring skep — verwarring nie net by die beleidmakers en by die ontvangers (die plaaslike bevolking) nie, maar baie dikwels is die persoon wat die spit moet afbyt, die uitvoerende amptenaar, 'n persoon wat dikwels ook vanweë die verandering van status gewoon fisies kan verskuif en vervang word deur ander persone.

Wanneer ons egter praat van nasionale ontwikkeling in Suid-Afrika, sluit dit Suid-Afrika en ál sy mense in, behalwe die nasionale state wat



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

reeds onafhanklike status geniet. Dit is in hierdie opsig dat, wanneer ons praat van gedeelde oogmerke, die onmiddellike implikasie is dat 'n wye spektrum van kommunikasie oor kultuurgrense heen die veronderstelling is. Gegewe die feit dat ons op die oomblik sit met sekere sosiaal-ekonomiese differensiale en probleemareas en behoeftes wat basies van aard is, wat veral by sekere kulturele groepe aangetref word en waar hierdie probleme meer intens is, sal dit 'n steeds groter mate van kulturele skakeling vereis en dat hierdie verskille in hul volledige perspektief in beleidmaking en beplanning in hoër mate geakkommodeer word as wat tot dusver gedoen is. Daar is byvoorbeeld baie dimensies van sekere eenvoudige probleme wat deur die beleidmaker en die -beplanner totaal oor die hoof gesien kan word, maar wat vir die persoon aan die ontvangkant, hetsy 'n politikus of uitvoerende amptenaar of die publiek, baie revelant is en waarvan sy lewe afhang. As 'n mens gewoon net die werke van Oscar Lewis* deurwerk, kom 'n mens onder die indruk van watter aspekte van die lewe vir 'n arm mens van die opperste belang is — aspekte wat dikwels nooit figureer in die denke van die middelklas-beplanner nie. Ek is persoonlik van die oortuiging dat baie navorsing in Suid-Afrika reeds in hierdie verband gedoen is. Wat nou van kritieke belang is, is om hierdie resultate te integreer binne die totale beleidmakingsproses — met ander woorde om begrip vir verskille en ander sienings van nasionale ontwikkelingsdoelstellings te toon.

Navorsingsresultate as sodanig is egter ook feilbaar, want verskeie verifiërende studies het getoon dat oor sekere aangeleenthede mense wat reeds in 'n gedepriveerde staat sosio-ekonomies verkeer, dikwels antwoorde gee wat hulle meen die navorser sal bevredig, sonder dat hy daardeur eintlik die ware beeld van homself en sy gemeenskap laat opteken. Op hierdie wyse kom werklike behoeftes en sienswyses dan nooit na vore in sekere navorsingsverslae nie. Dit is veel eerder die taak van groepe om hulself te ondersoek as dat dikwels persone wat nie aan hulle kultuur deelagtig is nie, van buite af ondersoeke oor hulle doen. Hier, weer eens, kom die kwessie van opleiding ter sprake.

## Behoeftes by interkulturele kommunikasie

Die volgende vier aspekte beskou ek as van kritieke belang indien daar sinryk interkultureel oor nasionale ontwikkeling in Suid-Afrika gekommunikeer wil word:

- 'n Platvorm. Daar moet 'n geleentheid en 'n plek wees waar groepe sinryk met mekaar kan kommunikeer. Iemand moet in hierdie verband die inisiatief neem.
- Daar moet iets wees om te kommunikeer. Dit veronderstel dat daar gedeelde belange bestaan oor die aangeleentheid wat bespreek en herbespreek word.

*Lewis, Oscar, 1961, *The Children of Sanchez*, New York, Harper and Raw en Lewis, Oscar, 1959, *Five families*, New York, Basic Books.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

- Die taal waarin die bespreking plaasvind, moet volgens konsepte wees wat vir alle deelnemendes verstaanbaar is.
- Die vlakke van kommunikasie moet nie sodanig vooraf gestuktureer wees dat die kommunikasie slegs vir die vertoon geskied nie. Hier moet ook voorsien word dat deelname aan sodanige kommunikasie uiteraard heterogene deelnemers impliseer.
- Tyd moet gemaak word om sodanige skakeling te bewerkstellig. Wedersydse vertroue en begrip vir mekaar word slegs oor 'n tydperk opgebou en dikwels ook geoordeel na die optrede wat plaasvind ná kommunikasie plaasgevind het. In hierdie verband moet ook in gedagte gehou word dat individuele en plaaslike belange altyd na vore sal tree. Wanneer daar die beplanning van nasionale ontwikkeling ten doel gestel word en die akkommodering van sodanige individuele en plaaslike belange is bloot op 'n ad hoc-basis (slegs om tydelike ondersteuning daardeur te wen), is dit dikwels duurder as wanneer dit sou geskied volgens 'n nasionale ontwikkelingsplan. Laasgenoemde is egter duurder en geskied oor die lang termyn, terwyl die plaaslike en besondere kulturele behoefte vanuit 'n nypende en kort termyn aard is, en daar dikwels weining begrip getoon word vir die nasionale doelstellings in die breër konteks. Dit is hier waar die noodsaaklikheid aan die besprekings oor en weer van hierdie doelstellings van 'n absolute noodsaaklikheid getuig. Die probleem is hoe kan 'n mens die situasie bereik waar almal wat deel het aan sodanige interkulturele kommunikasie (en ek praat nie hier van groot kongresse nie) kragtens dieselfde konsepte en verwagtings praat? Indien nie aan sekere onmiddellike en plaaslike verwagtings voldoen word nie, verloor daardie bepaalde groepe mettertyd belangstelling en stel nie belang in oorkoepelende beleidsformulering nie. Verder moet ook in gedagte gehou word dat persone wat gemoeid is met die opstel van beleid en die toepassing van beplanning dikwels mobiele persone is en dat die kontinuïteit in die gesprek baie dikwels onderbreek word deur verplasings, bedankings, en ook nuwe aanstellings.

  Indien die platform daargestel is of die geleentheid vir sinryke interkulturele kommunikasie oor Suid-Afrika se nasionale ontwikkeling of die ontwikkeling van die verskillende kulturele groepe, dien hierdie kommunikasie 'n kontinue proses te wees. Niks kan so skadelik wees as om op 'n sekere tyd geken te wees en dan in die duister gelaat te word en op 'n dag te moet vind die beleid wat nou verkondig word, was kwansuis dié een waaraan jy in 'n stadium deelagtig was in die aanvanklike formulering nie. Dit is hoe vertroue geskend word — iets wat ons allermins in Suid-Afrika kan bekostig.

  Benewens die bogenoemde is daar talle slaggate wat interkulturele kommunikasie bemoeilik. Ek wil vervolgens slegs op enkele verderes let:
- Dit is dikwels so dat kommunikasie met sekere kulturele groepe en



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

hul leiers nie direk gemaak kan word nie en waar 'n mens afhanklik is van afsprake en reëlings wat erg beduiwel kan word waar die fisiese infrastruktuur nie voldoende is nie. Benewens verleentheidsituasies wat as gevolg hiervan kan ontstaan, word tyd grootliks verspil. Fisiese afstande tussen mense en gebrekkige kommunikasiemedia is myns insiens een van die groot faktore wat maak dat die geleding van beleidsbepaling hoogs ondoeltreffend geskied, enersyds wat betref die gehalte van die werk en begrip wat daarin figureer, maar andersyds ook betreffende die voortgesette skakeling tussen die betrokke groepe.

- Fisiese afgeleënheid en die noodwendige gevolg dat samesprekings slegs met lang tussenposes kan plaasvind, het tot gevolg dat onsekerheid en onverskilligheid by plaaslike groepe begin ontstaan wat aan die hele vertrouensituasie ernstige skade doen.
- Tyd. Normaalweg is dit so dat, wanneer daar besluit word om te kom tot 'n beleid wat betref nasionale ontwikkeling, daar reeds baie druk uitgeoefen word om hierdie beleid so gou as moontlik die lig te laat sien. Die tyd wat daar oorbly om betrokke instansies te ken, relevante inligting in te samel, hierdie inligting in sy totale lokale kulturele perspektief te sien en die geleding daarvan binne die nasionale opset uit te spel, is dus uiters min. Om persone wat hoofsaaklik gemoeid is met plaaslike belange te druk om skielik op 'n makro-niveau aan die besluitnemingsproses en beplanningsproses deel te neem, is een van die wyses waarvolgens interkulturele kommunikasie nie moet geskied nie. Só 'n optrede gee myns insiens oorsprong aan verskeie wangevolgtrekkings en kan uiteindelik 'n totale afwesigheid van gewilligheid om te kommunikeer tot gevolg hê. Dit gee ook nie geleentheid aan persone van buite af om hulself vertroud te maak met die besondere omstandighede, tradisies, gewoontes en veranderings in hierdie verband by die kulturele groepe wat ter sprake is nie. Dit gee ook aan die anderkant weinig geleentheid vir die kulturele groep ter sprake om van ander kulturele groepe se probleme en van die probleme in hul nasionale opset te verneem.

In Suid-Afrika het ons toegelaat dat klein verskille en 'n gebrek aan behoorlike interkulturele kommunikasie groot verdelende kragte geword het en dat die probleem van skakeling oor nasionale ontwikkeling vandag moeiliker is as wat dit in 'n ander stadium sou kon wees. Tog tref 'n mens dit aan dat, ondanks die formele en informele probleme wat ek genoem het, interkulturele kommunikasie in sekere opsigte tog vrywel geskied en blykbaar susksesvol is. Indien 'n mens let op die aktiwiteite wat tans plaasvind deur sekere van die owerheidsektore en ook die private sektor, waarin persone wat in diens geneem word nie net as werkers gesien word nie, maar daar daadwerklike pogings aangewend word om hulle in hul totaliteit as mens te akkommodeer en nie net te kyk



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

na hul vermoë as werker nie, is dit insiggewend oor wat die afgelope aantal jare bereik is. Hierdie tipe kommunikasie geskied op verskillende vlakke vanaf die werkersvlak, maar ook na bo waarin die werker in die situasie gestel word dat hy hom kan identifiseer met die totaliteit van die werksituasie waarin hy hom bevind — maar, meer nog, ook die werksituasie binne die totale sosio-ekonomiese omgewing waarin hy hom bevind.

As 'n mens gewoon let op die rol van die massamedia, die radio en deesdae die televisie waar dit kommunikasie oor verbruiksmiddele aangaan, staan 'n mens verstom. Hier vind inderwaarheid 'n sosialisering oor kulture heen plaas van "die massaverbruiker". Ons sien dus dat in sekere opsigte daar wel kommunikasie plaasgevind het tussen verskillende kultuurgroepe en dat sukses in hierdie opsig reeds behaal is. 'n Verdere voorbeeld is dié van produksie en opleiding — pogings van die kant van Mannekrag 2000 waarin verskillende kulturele groepe geakkommodeer word om saam die probleme en die toekomstige oplossing te bespreek en mekaar te vind. In die verlede het hierdie kommunikasie die karakter gedra dat slegs een party of een groep die leiding gee en die ander aan die ontvangskant is. Indien dit nie omgeskakel gaan word nie en 'n groter balans gaan toon in die toekoms nie, sal sodanige kommunikasie sonder sin bly.

Daar is tot dusver heelwat verwys na sosio-ekonomiese en ander ontwikkelingsprobleme wat hulle veral by sekere kultuurgroepe voordoen. Vandaar die probleem wat dikwels ontstaan het dat een groep (dikwels die blankes) vir alle groepe moes (help) beplan het. Die voorkoms van ontwikkelingsprobleme binne sy afsonderlike kultuurgroepe kan egter oorbeklemtoon word, terwyl die probleme wat gemeenskaplik by almal aanwesig is, soms op die agtergrond bly. In dié mate wat hierdie probleme 'n nasionale voorkoms het, is die behoefte aan interkulturele kommunikasie eweneens groot en het daar deur die loop van tyd, juis as gevolg van die beklemtoning van die diversiteit van kulture, weinig pogings die lig gesien om 'n gesamentlike gespreksforum rondom hierdie probleme daar te stel. Die probleem van skakeling tussen ouers en kinders, stygende lewenskoste, beroepskeuse, skakeling tussen ouers en onderwysers, ensovoorts, is maar enkele van die probleme wat alle kultuurgroepe in Suid-Afrika raak en nie net sekeres nie. Vir die gebalanseerde opbouing van nasionale lojaliteit waarin gedeelde nasionale ontwikkelingsdoelwitte en strategieë tot stand sal kom, is hierdie tipe van kommunikasie oor gemeenskaplike probleme van die uiterste belang. Daar moet dus weggekom word van die praktyk dat die basiese oefening van interkulturele kommunikasie net bestaan om behoeftes te peil en dan vanuit een kultuuroogpunt na 'n ander — maar dat 'n wedersydse begrip tussen kultuurgroepe oor behoeftes, lewensuitkyk en omstandighede nodig is. Hierdie taak is in die verlede te dikwels oorgelaat as synde die studieterrein te wees van sekere maatskaplike dissiplines, en nie die taak van alle betrokke persone by



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

beleidmaking nie. In hierdie opsig het hierdie dissiplines hulle ook baie swak geartikuleer in die mate wat daar wel die nodige kennis en begrip by wyse van navorsing daargestel is, maar dat hierdie kennis selde geartikuleer is wat dit vir die ontwikkelingsbeplanner op watter vlak van beplanning ook al, relevant gemaak het.

Navorsing slegs om kennis van hierdie aard oor kultuurgroepe bymekaar te bring sonder dat dit in 'n geleding staan met beplanning oor ander aangeleenthede, kan myns insiens kwalik meer bekostig word. Navorsing van hierdie aard op sigself kan ook kultureel verleentheid wees indien dit nie wedersyds gebeur nie. Dit is met ander woorde van ewe groot belang om te weet wat die kenmerke van 'n sekere kultuurgroep en hul probleme is, byvoorbeeld dié van die Kleurlinge, as wat dit is dat die Kleurlinge weet wat die knelpunte en uitgangspunte van die blankes is. Hierdie tweerigtingverkeer is 'n voorwaarde vir sinryke kommunikasie — veral waar dit met toekomsbeplanning gemoeid is.

## SLOTOPMERKINGS

Samevattend dien die volgende gestel te word:

- Te veel nasionale ontwikkelingsdoelstellings is in Suid-Afrika daargestel sonder dat alle vlakke wat by die beleidmakingsproses gemoeid behoort te wees en alle kultuurgroepe ten opsigte van wie beplanning gedoen is, daarby betrek was.
- Nuwe skakelingswyses en nuwe instellings sal bedink moet word om interkulturele kommunikasie in hierdie verband sinryk te maak.
- Die tydsaspek by nasionale ontwikkelingsbeplanning en by 'n kommunikasie met begrip, is van absolute belang. Te dikwels is beleid spoedig afgekondig en toegepas sonder dat begrip, entoesiasme en ondersteuning daarvoor eers by alle groepe verseker is. Die uitgangspunt sal meer dikwels moet wees om praktiese probleme waarmee elke besondere groep gekonfronteer is, as vertrekpunt te neem en om dan uiteindelik by nasionale oorkoepelende doelstellings uit te kom. In die verlede was hierdie proses veelal omgekeerd.
- Die belangrikheid van opleiding en nuwe rolle van persone vanuit sekere kulturele groepe kan nie oorbeklemtoon word nie. Daar is reeds gemeld dat daar wat kundigheid by sekere groepe ten opsigte van navorsing, beplanning en beleidmaking en ook op die uitvoerende vlak betref, ernstige knelpunte is. Die tyd is myns insiens meer as ryp dat hierdie opleiding nie net binne kulturele verband moet geskied nie. Veral indien in gedagte gehou word dat opleidingsgeriewe oor hierdie aspek baie meer bekombaar is in die blanke kulture, word dit noodsaaklik dat opleiding van persone van 'n ander kultuur aanvanklik in hierdie konteks moet geskied. Dit sou verder impliseer dat



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

bestaande instansies wat byvoorbeeld in Suid-Afrika primêr verantwoordelik is vir navorsing en administrasie van sekere aangeleenthede, soos die opneem van 'n sensus, landbousensusse, en so meer, in 'n baie groter mate hulleself moet leen vir indiensopleiding van persone van ander kulture. Die voorbeeld wat daar in hierdie opsig deur die private sektor gestel word, kan gerus deur statutêre liggame en staatsdepartemente ernstig oorweeg word.

Dit is ondenkbaar om te verwag dat kultuurgroepe wat op die oomblik gekonfronteer word deur ernstige probleme van sosiaalekonomiese aard, waar ondervinding ten opsigte van ontwikkelingsbeplanning en beleidsformulering reeds knelpunte is, binne hierdie kultuurverband instansies op die kort termyn tot stand moet bring wat sodanige opleiding doeltreffend kan hanteer. Daarom my pleidooi dat in 'n steeds groter mate staatsdepartemente en statutêre liggame en navorsingsinstansies uit hul pad moet gaan om persone van ander kulture te kan akkommodeer vir opleiding in hierdie verband. Indien dit nie die geval is nie, sal niks anders tot stand kom as 'n eenrigtingkommunikasie waarin een groep vir 'n ander groep bly beplan en bly besluit sover dit nasionale ontwikkelingsdoelstellings aangaan nie. Dit sou ook die negatiewe effek hê dat daar nooit gereken sal kan word op die volle deelname by die toepassing van hierdie doelstellings of die ondersteuning van die gewone publiek en gemeenskapsleiers van ander kulturele groepe nie.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).